



DALENA LE ROUX

Korrespondent

Baie biblioteekgebruikers het gewoon geraak daaraan om hulle na SN te wend vir CD's met musiek wat nie normaalweg in hul biblioteek te vinde is nie. En ja, gewoonlik het hulle dan presies die regte CD gekry, en kon hulle na hartelus luister.

MAAR... wie het geweet van al die uitsonderlike, ongewone, fassinerende CD's wat ook 'agter die musiekgordyn' in SN verskuil is? Kom kuier saam met my agter hierdie 'gordyn' – kom saam op 'n ontdekkingstog...

Kom ons kyk na klassieke komponiste buiten die gewones soos die Beethovens, Mozarts, Bachs... Wat van Franz Anton Hoffmeister, of Carl Czerny, of Giovanni Mane Giomovichi se allerwonderlikste vioolkonsert, of die **Yellow River Concerto** deur Yin Chenzong? Of, as jy 'n operaliefhebber is, wat van Carl Nielsen se **Saul & David**, Thomas Rajna se **Amarantha**, Alban Berg se **Lulu**, of **La Sylphide** van Herman Severing Lovenskjold? Almal nêr so luisterbaar soos dié wat ons al ken...

Meer na die geestelike kant toe is daar die wonderlikste kerkmusiek en oratorios om van te kies, soos Thomas Tallis se **Sacred choral works**, die **Liverpool Oratorio** van Paul McCartney, en Johann Nepomuk Hummel se **Mass in D major**. Daar is ook Sergei Rachmaninoff se **Vespers**, of die alombekende Negro spirituals.

Kom luister ook na Ry Cooder se **Chavéz Ravine**, Moodswings se **Brodsky Quartet**, of Sharon Ishin met **Dreams of a world**.

As jy hunker daarna om te luister na ou bekende sangers kan jy gerus vra vir die CD's waarop Mario Lanza, Tito Schipa, Cecilia Bartoli, Susan B Anthony, Patti Labelle, Soile Isokosi, Gé Korsten, Della Reese of Patricia Kaas en vele ander sing.

Ons het ook die klankbaanmusiek van verskeie bekende films soos **Schindler's list**, **Hello, Dolly!**, **Sarafina!**, en **Titanic**, sowel as musiekblyspele, soos **Mamma mia!**, **Kat and the kings**, **Showboat**, en die volledige weergawes van die meeste van die Gilbert en Sullivan-operettes. Ook CD's met Bollywood-musiek: kom kyk maar!

Soek jy na musiek wat met ongewone instrumente gemaak word, kan jy gerus kom luister na ons CD's waar die glas-harmonika, die marimba, bouzouki, of die didjeridoo bespeel word – of wat van die **Carillon Concert** – die wonderlikste klokkegebeier?

Wil jy 'n bietjie ontspan en rustiger wees? Daarvoor het ons CD's in die **Sound health**-reeks: **Feng shui**, **Yoga**, **Tranquillity**, en **Pain relief**. Help ook om jou baba se brein te ontwikkel met **Build your baby's brain**.

Vir 'n bietjie meer vrolikheid is daar **Pub songs** (of Duitse **Bierkeller**-liedere – sulke lekker oompah-oompahmusiek!). Of jy kan leer yodel met ons spesiale **Yodel**-CD... Anders is daar net rustige agtergrondmusiek soos **Café-accordion**, **Paris Café** en meer. As jy wil huppel en dans kan ons jou die heerlikste dansmusiek aanbied, van flamenco, Skotse *reel*, bellydans, *can-can*, Ierse danse, selfs die Amerikaanse Indiane se seremoniële oorlogsdanse!

Vir trouelustige bruide kan ons 'n hele paar CD's aanbied waarop die mooiste musiek spesiaal vir troues gespeel word. Voorbeelde hiervan is: **The wedding album**, **Wedding**

music, en meer.

Kom ons trek ook 'n bietjie verder in die wêreld in, met volksmusiek van lande soos die Filippyne, Latyns-Amerika, Tibet, Roemenië, China se **Dragon beat** (musiek wat gemaak word tydens die Chinese Nuwejaar), Bolivië, of, nader aan ons, die Kalahari San se musiek. Maar ons het nie net al die verskillende lande se volksmusiek nie – ons het ook 'n volledige stel CD's waarop die amptelike nasionale volksliedere (national anthems) van omtrent ál die lande van die wêreld te kry is.

Maar al ons CD's het nie net musiek op nie: ons het ook 'n hele reeks CD's met verskillende klankeffekte. Ons kan die dag begin met die vrolike gekwetter van voëls, hoor hoe die voordeur toeklap, hoe die motor aangeskakel word en wegry, hoe 'n vliegtuig bo ons koppe vlieg, hoe 'n baba huil of lag, en nog 'n hele aantal klanke wat baie bruikbaar kan wees by toneelspele, of by 'n partytjie – wat byvoorbeeld, van **Halloween hits**? Daarvan gepraat: daar is ook 'n hele CD met spookgeluide, soos kettings wat ratel, deure wat kraak en skielik toeklap, slymerige sleepgeluide... spokigerige *hoo-hoo*... hou maar die lig aan as jy hierna luister!

Ons kan ook in die natuur in, met veldgeluide soos die gebrul of *oemf-oemf* van leeus, jakkals-geskater, bobbejane se geselse, en ook natuurlik die gekwetter van 'n hele verskeidenheid voëls: 'n regte Bosveld-dag!

Ja, SN kan regtig baie meer aanbied as die gewone: glo jy dit nou? Kom gerus, kom vra aan...

Klassieke komponiste en operas
Cartellieri, Antonio Casimir. **Wind concertos.**

Corelli, Arcangelo. **12 Concerti grossi, op. 6.**
 Gorecki, Henryk. **Symphony no. 3, op. 36.**
 Honegger, Arthur A. **Symphony no. 2; Symphony no. 3.**
 Kalinnikow, Wassili. **Symphony no. 1, in G minor.**
 L'Eventail de Jeanne. **Les mariés de la Tour Eiffel: French ballet music of the 1920s.**
 Lovenskjold, Hermann Severin. **Music for the Bournonville ballet La Sylphide.**
 Orlandi, Ugo. **Mandolinenkonzerte.**
 Rajna, Thomas. **Amarantha. Complete.**
 Rajna, Thomas. **Concerto for piano and orchestra, no. 2.**
 Rameau, Jean Philippe. **Hippolyte et Aricie.**
 Rott, Hans. **Symphony in E major.**

Tubin, Eduard. **Symphony no. 4; Symphony no. 9; Toccata.**
 Vives, Amadeo. **Dona Francisquita.**
 Yin, Chengzong. **The Yellow River concerto.**
 Yost, Michel. **Concertos for clarinet and orchestra.**

Kerkmusiek en oratorios

Clemens Non Papa, Jacob. **Missa Pastores quidnam vidistis.**
 GothicVoices. **Music for the Lion-hearted King.**
 Hendricks, Barbara. **Negro spirituals.**

Hildegard of Bingen. **Canticles of ecstasy.**
 Macmillan, James. **Seven last words from the Cross.**
 Tallis, Thomas. **Spem in alium.**

Victoria, Tomás Luis de. **Motet, O quam gloriosum; Missa, O quam gloriosum; Missa, Ave maris stella.**

Buitengewone musiek (iets anders)

Cooder, Ry. **Chavéz Ravine.**
Halloween hits.
Maori chants.
The Rough guide to yodel.

Sangers en sangeresse

Baker, Janet. **Mahler's Songs of youth.**
 Bori, Lucrezia. **Lucrezia Bori – the Victor**

recordings, 1925-37.

Caruso, Enrico. **The legendary Enrico Caruso.**

Ferrier, Kathleen. **Songs by Mahler and Brahms.**

Korsten, Gé. **Gé se 20 treffers.**

Nazareth, Ernesto. **Brazilian nights.**

Norman, Jessye. **Jessye Norman live.**

Renzi, Emma. **Emma Renzi – a tribute.**

Tebaldi, Renata. **Renata Tebaldi, voce d'angelo.**

Ten top baritones & basses.

Filmklankbane en musiekblyspele

Cinema classics, 1999.

A Gilbert & Sullivan gallery.

H.M.S. Pinafore.

King Kong.

The Lord of the Rings.

Sarafina!

Schindler's list.

Titanic.

The Wizard of Oz.

Ongewone instrumente

Didjeridoo.

Glass harmonica.

The art of the Lautenwerk.

The best bouzouki album – ever.

Marimba.

Master of the Indian flutes.

Original mandoline.

The singing bowls of Tibet.

Ontspanning- en stemmingsmusiek

Fado's ao vivo.

Lund, Steinar. **Feng shui.**

Friedland, Linda. **Pain relief.**

Friedland, Linda. **Tranquillity.**

Hardiman, Ronan. **Solas.**

James, Peter. **Yoga.**

Vrolike musiek

Café Africa.

Café Argentina.

Café Bombay.

Café Madrid.

Café Portugal.

American Indian ceremonial and war dances.

Bavarian Oompah Band. Bierkeller favourites.

Café de Paris.

Cajun dance party.

Can-can and other dances from the opera.

Classic pub songs.

English pub songs.

French café accordion music.

Le best of Cirque du Soleil.

Let's dance – Samba.

Original cha cha cha.

The rough guide to bellydance.

The rough guide to flamenco.

The sensual art of bellydance.

The rough guide to Turkish café.

Troumusiek

The wedding album.

The wedding collection.

Wedding music.

Volksmusiek

The best Arabic album in the world – ever!

Complete national anthems of the world.

6 vols.

Dragon boat (China).

Hawaii, music from the islands of Aloha.

Heino. Das Suedwester Lied.

The incredible music of the Gypsies.

Music around the world

Austria.

Antilles.

Corsica.

Jamaica.

Latin America.

Maroc.

Nepal.

Tex Mex.

Music of the Kalahari San.

The music of Wales.

Musique de La Grece antique.

Yiddish folksongs.

Klankeffekte

300 spectacular sound effects.

BBC Radio collection of Essential Sounds.

(20 vols):

Death and horror.

Steam engines.

Animals.

Weather.

City sounds.

Transport (land).

Transport (air and water).

Babies and children.

Crowds.

Combat and disaster.

People.

Science fiction.

Classic sound effects

Frog chorus.

Jungle talk.

Morning songbirds.

Wilderness river.

Bayou.

American wilds.

Thunderstorm.

Rainforest.

Jackal.

Springbok.

Fish eagle.

Loeries.

Ostrich.

Monkeys.

Elephant.

Lion.

